

om só die skeersel en boere se wolinkomste te verbeter.

Dit behels 'n groepskema van boere in dieselfde omgewing as die kommunale boere sodat die ramme maklik kan aanpas.

Daar is altesaam meer as 20 000 ooie in die groep wat jaarliks meer as 10 000 ramlammers lewer waaruit die 3 000 bestes geselekteer word.

'n Onafhanklike keurder kies die ramme volgens die voorgeskrewe rasstandaarde, wat op tweetandouderdom in kommunale kuddes geplaas word. Deelname aan die projek deur kommunale boere is vrywillig. **Beter bemerking.** Internasionale marktoegang word met die samewerking van makelaars bekom. Makelaarsagente word in verskillende gemeenskappe bekend gestel, met boere wat self kan besluit deur wie hulle wil bemark.

WOLVERBOD

Die meeste wol van kommunale boere is vir die Chinese mark bestem. Veral dié boere het aan die kortste ent getrek toe China in April 'n verbod op die invoer van Suid-Afrikaanse vetwol vanweë bek-en-klousee ingestel het.

“Om die kommunale boere te verseker dat hulle in die toekoms minder geraak gaan word, is dit belangrik om die ramprojek weer aan die gang te kry, sodat ons die wolboere se standaarde kan verbeter,” sê mnr. Billy van Zyl, voorsitter van die NWKV.

“Die syfers van die afgelope 25 jaar wys dit kán gebeur. Ons is in 'n opwaartse kurwe en kommunale wolboere se wolgehalte het al baie verbeter. Die ramprojek is net wat die boere nodig het om meer sekerheid te hê.”

Volgens De Beer word daar sedert 2019 met verskeie amptenare van die departement gepraat om die ramprojek weer aan die gang te kry, maar tot dusver sonder sukses. Met Ramasodi se besoek aan die NWKV se kongres is die saak weer aangeroe.

“Wat ons moet verstaan, is wanneer ons weer finansiering kry, sal dit 'n redelike tyd duur om boere te kontrakteer om weer hul produksiesiklus aan te pas om ramme te



Me. Nthuseng Mokupo, 'n skaapboer en verteenwoordiger van die Utlaoang-projek by Mount Fletcher, saam met mnr. XL Nyamela, raadgewer vir streek 24 van die NWKV. Die Utlaoang-projek was die algehele winner.



Mnr. Ndevula Hastag

'DIE VERSKIL IS DUIDELIK'

Vir die deelnemers aan die onlangse Tarkastad-interstreek-kuddekompetisie was dit 'n groot eer om as wenners in hul kategorie weg te stap.

Die algehele winner van die kompetisie was die Utlaoang-projek van Mount Fletcher in streek 24. Altesame 32 boere besit 2 500 skape ingevolge dié projek.

Volgens me. Nthuseng Mokupo, wat die projek op die kompetisie verteenwoordig het, beoog die groep boere om uiteindelik hul eie jong ooie en ramme te teel om aan hul buurgemeenskappe te verkoop en 'n inkomste daaruit te verdien. Om die dele waar die skape aangehou word, af te kamp, bly egter 'n stryd vir die boere, volgens haar.

Die projek was aanvanklik ingesluit by die NWKV se ramuitruilprojek en die boere kon deur Wesbank nog 15 ramme koop. Omdat hulle nie meer staatshulp kry nie, koop hulle nou hul ramme by kommersiële boere van Barkly-Oos en Elliot, met produksieraadgewers wat hulle bystaan.

“Ek kan met die wolskaapboerdery my inkomste verhoog deur die wol te verkoop. Die gehalte daarvan verbeter daagliks deur ons projek.”

Mnr. Ndevula Hastag het 34 jaar lank as werker op 'n skaapplaas gewerk. Hy boer vandag met 450 skape op kommunale grond by Rossouw (tussen Barkly-Oos en Dordrecht). Hy koop sy eie ramme by boere in dié omgewing.

Hastag verkies Merino's, aangesien hy 'n wolinkomste kan kry en ook lammers vir vleis kan verkoop. Hy sal egter meer wil leer oor die klassering van wol.

Hy sê inwendige parasiete bly een van sy grootste struikelblokke, al doen hy die nodige doserings.

Mnr. Bonani Fanteni (links) boer met 120 ooie op meentgrond by Rhodes in streek 25. Hy was baie opgewonde oor sy prys. Hy meen sy tyd van agteruit beweeg is nou verby. Van nou af gaan hy net vorentoe. Omdat die weiding op die

meentgrond beperk is, kan hy nie sy kudde uitbrei nie. Hy verkoop jaarliks die hamels en ou ooie en hou die beste ooie.

Die kuddekompetisie was vir hom 'n goeie leerskool, aangesien hy kan sien watter skape uitgeskot word en watter uiteindelik gekies word.

“Die verskil is duidelik, en ek weet ek is op die regte pad. Die eenvormigheid en kartel moet dieselfde wees, dan weet ek dit is 'n goeie skaap.”



teel. Dit duur minstens 18 maande.”

De Beer sê daar word op internasionale vlak aansoek gedoen om alternatiewe finansiering vir die projek, maar dit was tot dusver sonder sukses.

“Ons het wel op beperkte skaal geld uit

die private sektor ontvang, maar dit is baie ad hoc.” Volgens hom sal hulle die projek weer aanpak met geld van enige instelling wat bereid is om dit minstens drie jaar lank, maar verkieslik vyf jaar aaneenlopend, te finansier. **LBW**